

Bosch, J. K.; Du Plessis, A. P.

**Article**

## Die toepassing en gebruik van finansiele verhoudingsgetalle: 'n Verkenningstudie

South African Journal of Business Management

**Provided in Cooperation with:**

University of Stellenbosch Business School (USB), Bellville, South Africa

*Suggested Citation:* Bosch, J. K.; Du Plessis, A. P. (1994) : Die toepassing en gebruik van finansiele verhoudingsgetalle: 'n Verkenningstudie, South African Journal of Business Management, ISSN 2078-5976, African Online Scientific Information Systems (AOSIS), Cape Town, Vol. 25, Iss. 1, pp. 1-13,  
<https://doi.org/10.4102/sajbm.v25i1.836>

This Version is available at:

<https://hdl.handle.net/10419/218112>

**Standard-Nutzungsbedingungen:**

Die Dokumente auf EconStor dürfen zu eigenen wissenschaftlichen Zwecken und zum Privatgebrauch gespeichert und kopiert werden.

Sie dürfen die Dokumente nicht für öffentliche oder kommerzielle Zwecke vervielfältigen, öffentlich ausstellen, öffentlich zugänglich machen, vertreiben oder anderweitig nutzen.

Sofern die Verfasser die Dokumente unter Open-Content-Lizenzen (insbesondere CC-Lizenzen) zur Verfügung gestellt haben sollten, gelten abweichend von diesen Nutzungsbedingungen die in der dort genannten Lizenz gewährten Nutzungsrechte.

**Terms of use:**

*Documents in EconStor may be saved and copied for your personal and scholarly purposes.*

*You are not to copy documents for public or commercial purposes, to exhibit the documents publicly, to make them publicly available on the internet, or to distribute or otherwise use the documents in public.*

*If the documents have been made available under an Open Content Licence (especially Creative Commons Licences), you may exercise further usage rights as specified in the indicated licence.*



<https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>

## Die toepassing en gebruik van finansiële verhoudingsgetalle: 'n verkenningstudie

J.K. Bosch\*

Departement Bedryfsekonomie, Universiteit van Port Elizabeth, Posbus 1600, Port Elizabeth 6000, Republiek van Suid-Afrika

A.P. du Plessis

Departement Bedryfsekonomie, Universiteit Vista: Port Elizabeth-kampus, Privaatsak X613, Port Elizabeth 6000  
Republiek van Suid-Afrika

Ontvang April 1993, aanvaar November 1993

In this article the de facto use of financial ratios is reported on. To identify meaningful financial ratios, information was obtained from 166 enterprises on the use of financial ratios. The Likert scale was used to establish the frequency of use of the following categories of financial ratios, namely return on assets, income margins, capital turnover, solvency and ratios derived from the cash flow statement. In total, 41 financial ratios were submitted to the respondents. The most important findings were: Income margins are by far the group ratios with the highest frequency of use along with the debtors collection period. Further, with the help of a multiple analysis of variance, it was established that the main activities and size of respondents had no influence on the use of specific categories of financial ratios. Finally, the findings of a factor analysis indicated noticeable similarities between theoretical groupings of financial ratios and the results of the empirical study.

In hierdie artikel word gerapporteer oor die de facto gebruik van finansiële verhoudingsgetalle. Met die doelwit om bepaalde betekenisvolle finansiële verhoudingsgetalle te identifiseer, is inligting van 166 ondernemings met betrekking tot die gebruik van finansiële verhoudingsgetalle, verkry. Die Likertskaal is gebruik om die gebruiksfrekvensie van die volgende ses kategorieë ten opsigte van finansiële verhoudings te bepaal, naamlik rentabiliteitsverhoudings, inkomstmarges, kapitaalomset, likiditeit, solvabiliteit en verhoudings vanuit die kontantvloeistaat. In totaal is 41 finansiële verhoudingsgetalle aan die respondent voorgelê. Van die vernaamste bevindinge is die volgende: inkomstmarges is verreweg die groep verhoudingsgetalle wat die hoogste gebruiksfrekvensie vertoon saam met die debiteur-invoerderingstermyn. Vervolgens is met behulp van 'n meervoudige analise van variansie vasgestel dat die hoofaktiwiteite en grootte van die respondentondernemings nie 'n invloed op die gebruik van bepaalde kategorieë finansiële verhoudingsgetalle het nie. Laastens het die bevindinge van 'n faktoranalyse getoon dat daar merkbare ooreenkomste tussen teoretiese groepering van finansiële verhoudingsgetalle en die resultate van die empiriese studie bestaan.

\*Aan wie korrespondensie gerig moet word.

### Inleiding en probleemstelling

Daar word in die finansiële literatuur algemeen aanvaar dat die finansiële bestuur met behoorlike inagneming van gesonde likiditeit en solvabiliteit, moet streef na die hoogs moontlike rentabiliteit en wel op 'n wyse wat die waarde van die onderneming vir die eienaars sal maksimeer (Lambrechts, 1990: 81). Gerig op die doelwit van aandeelhouderswelvaartmaksimering, moet finansiële inligting voortdurend ontleed word, want elke finansiële bestuursbesluit het op die een of ander wyse 'n invloed op die waarde van die onderneming.

Een van die mees voor-die-handliggende en geredelik beskikbare bronne van inligting is die onderneming se finansiële state, 'n belangrike inligtingsbron wat wesenlik 'n opsomming van die resultate van die kapitaalbewegings na en deur die onderneming verteenwoordig. Finansiële analyses, meer in die besonder analyses deur middel van finansiële verhoudingsgetalle, is 'n nuttige hulpmiddel in die hande van die finansiële bestuur om die resultate van die kapitaalbewegings in die onderneming te ontleed.

Alhoewel finansiële verhoudingsgetalle normaalweg in kategorieë van rentabiliteit, likiditeit en solvabiliteit (of variasies hiervan) groepeer word, is dit moontlik om baie individuele verhoudingsgetalle te bereken. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat die werklike *nut* van enige spesifieke verhoudingsgetal in 'n direkte verband met die spesifieke *doelwitte* van die analyse verkeer. Te meer, verhoudingsgetalle is nie absolute kriteria nie en in die woorde van Helfert:

'... meaningful ratios serve best to point out changes in financial conditions or operating performance and help illustrate the trends and patterns of such changes which, in turn, may indicate to the analyst the risks and opportunities for the business under review' (1991: 82).

Dit is derhalwe noodsaaklik dat die analis bepaalde betekenisvolle (of relevante) finansiële verhoudingsgetalle moet identifiseer, met die oog op die doelwit van die analise.

In die finansiële literatuur, en in die besonder in gespecialiseerde bronne met betrekking tot finansiële verhoudingsgetalle, word indringende besprekings en illustrasies van 'n groot aantal verhoudingsgetalle gegee (Foulke, 1961; Myer, 1969; Viscione, 1977; Seitz, 1979; Foster, 1986; Lambrechts, 1990: 81-154; Maness & Henderson, 1991; Helfert, 1991; Warren, 1991; Gibson, 1992). Aangesien dit in die praktyk nie haalbaar is om elke denkbare verhoudingsgetal te bereken nie, ontstaan derhalwe die vraag: in watter omvang en intensiteit word die finansiële verhoudingsgetalle soos voorgestel in die teorie, werklik in die sakepraktyk gebruik? Saam met hierdie probleemstelling wat op teoretiese voorskrifte en praktyktoepassings fokus, is dit nuttig om ook die siening van Paarlberg (1968) in hierdie analise te betrek. Paarlberg tref 'n insiggewende onderskeid tussen teorie en praktyk:

'There is a popular feeling that "theory" is opposed to "practice" and the merits lie with "practice". This is a

false conclusion, based on a false supposition. If practice has long been successful and does not conform to theory, the theory is bad and in need of revision ... The distinction should not be between theory and practice; it should be between good theory and bad theory and good practice and bad practice ... Practice is brick; theory is mortar. Both are essential and both must be good if we are to erect a worthy structure' (1968: 24–25).

Hierdie mening van Paarlberg (1968: 24–25) vorm die agtergrond waarteen die totale probleem ontleed word.

### **Finansiële verhoudingsgetalle: 'n beknopte oorsig**

Die ontleeding en vertolking van finansiële jaarstate met behulp van verhoudingsgetalle, is geen onbekende vorm van analise in die teorie en praktyk nie (Buro vir Finansiële Analise, 1989; Myer, 1969). Opsommenderwys is die volgende aspekte van finansiële verhoudingsgetalle in 'n mindere of meerder mate bekend. As vertrekpunt dien die beskrywing van finansiële verhoudingsgetalle: 'n verhoudingsgetal is 'n eenvoudige wiskundige verwantskap tussen een relevante pos of groep relevante poste in die finansiële state en 'n ander relevante pos of groep poste. Alleenstaande is finansiële verhoudingsgetalle van min waarde: norme of finansiële standarde word benodig om betekenis aan die vertolking te gee (Collins, 1976: 29). Verder, om insig in finansiële verhoudingsgetalle te verkry, is 'n volledige begrip van die finansiële state wat die finale produk van die rekeningkundige proses vorm, 'n noodsaaklike voorwaarde. Anders gestel, die finansiële analis moet op die hoogte met die werkswyses van die opsteller van die finansiële jaarstate wees. In hierdie oopsig speel standaard rekeningkundige prakteke ook 'n rol.

Belanggroeppe wat 'n belangstelling in die vertolking van finansiële jaarstate toon, sluit die volgende in: aandeelhouers (eienaars), beleggers en effekte-analiste; die bestuur van die onderneming; werkemers en vakbondes; kredietverskaffers en diverse leweransiers; klante; sommige staatsdepartemente; en die ontvanger van inkomste.

Die ontleeding van finansiële state vir kredietverleningsdoeleindes in die Amerikaanse bankwêreld dateer terug tot die jaar 1895 en reeds gedurende daardie era het solvabiliteitsontleidings 'n belangrike rol gespeel. In die woorde van James G. Cannon, vise-president van die Fourth National Bank of New York:

'... credit extended to the merchant must be predicated upon his solvency. This being the case, it is essential to have at hand definite knowledge as to the financial responsibility of the applicant for credit; and this information can be secured from no better source than the applicant himself' (Myer, 1969: 5).

In die beleggingsfeer, meer in die besonder by die waardering van effekte van die eerste spoorwegmaatskappye in die Verenigde State van Amerika, het begrippe soos 'the percentage of operating expenses to gross earnings' en 'the ratio of fixed charges to net income' op die voorgord gegee (Myer, 1969: 6). Ook insiggewend is die belangrike rol van die tweede likiditeitsyfer (vuurproefverhouding) by kredietverlening wat reeds in 1908 geboekstaaf is (Myer, 1969:

6). Die prominensie van die gebruik van die vlopende verhouding is ook so vroeg soos 1913 aangeteken. Teen ongeveer 1919 het insigte begin ontwikkel dat kredietverleningsbesluite nie alleen op die sterkte van die vlopende verhouding geneem kan word nie. Ander verwantskappe moet ook ontleed word.

Die ontleeding van finansiële neigings met tydsverloop was teen 1925 'n gevestigde praktyk. Die identifisering van tipiese bedryfstaknorme is deur die baanbrekerswerk van James H. Bliss (1923) gedoen. Bliss (1923: viii) was van mening dat by die verskillende bedryfstakke, wat bepaal word deur die aard van die bedryfstak, daar besondere finansiële en operasionele verhoudings van toepassing is.

Finansiële verhoudingsgetalle is besonder geskik vir die daarstelling van inligting vir bestuursbesluitneming. Meer in die besonder, die uitsonderingsbeginsel kom tot sy volle reg aangesien die aandag van die bestuur op daardie aangeleenthede fokus wat werklik krities vir die onderneming is (Potgieter & Frank, 1990: 3).

Finansiële verhoudingsgetalle speel die afgelope aantal dekades 'n belangrike rol by die evaluering van die prestasie en finansiële toestand van 'n entiteit. Deur middel van een-veranderlike en meer-veranderlike diskriminantanalises is die nut van finansiële verhoudingsgetalle telkens geïllustreer deur byvoorbeeld 'n skeidslyn tussen suksesvolle en minder suksesvolle ondernemings te trek. Bekende navorsers in hierdie verband sluit in: Beaver, (1968); Altman, (1968); Deakin, (1972); Edmister, (1972); en De la Rey (1981).

### **Doelwit en hipoteses**

Die hoofdoelwit van die studie is om meer inligting omtrent die toepassing en gebruik van relevante finansiële verhoudingsgetalle te verkry. Ter ondersteuning van die hoofdoelwit is die volgende hipoteses geformuleer:

- H<sub>1</sub>: die hoofaktiwiteit van die respondentondernemings het nie 'n invloed op die gebruik van bepaalde kategorieë finansiële verhoudingsgetalle nie;
- H<sub>2</sub>: die grootte van die respondentondernemings beoordeel volgens totale bates, het nie 'n invloed op die gebruik van bepaalde kategorieë finansiële verhoudingsgetalle nie;
- H<sub>3</sub>: die grootte van die respondentondernemings beoordeel volgens verkoopsinkomste het nie 'n invloed op die gebruik van bepaalde kategorieë finansiële verhoudingsgetalle nie; en
- H<sub>4</sub>: die grootte van die respondentondernemings beoordeel volgens aantal werkemers het nie 'n invloed op die gebruik van bepaalde kategorieë finansiële verhoudingsgetalle nie.

### **Omvang en metode van die navorsing**

In 'n poging om 'n objektiewe ontleeding en waardebepaling met betrekking tot die toepassing en gebruik van finansiële verhoudingsgetalle te doen, asook om die navorsingshipoteses te toets, is inligting vanuit die sakepraktyk ingesamel. Nagraadse studente in Finansiële Bestuur van die Departement Bedryfsekonomie aan die Universiteit van Port Elizabeth het senior personeel van 'n aantal geselekteerde ondernemings persoonlik besoek ten einde inligting omtrent die toepassing en gebruik van finansiële verhoudingsgetalle te

bekom. 'n Tweetalige vraeboog is gebruik en die inligting is deur senior personeel van die ondernemings verskaf. Die respondentondernemings is almal persoonlik besoek en die meerderheid ondernemings is in Streek D gevestig met die uitsondering van gevalle waar studente in ander groot stede woonagtig is, waar ondernemings vanuit daardie gebied die vraeboog voltooi het.

Die betrokkenheid van die studente by die empiriese ondernemings, is deel van 'n omvattende kurrikulum in die finansiële bestuur. Die studente is volgens die kwaliteit van hul uitsette beoordeel en die prestasiepunt toegeken, vorm 'n deel van die finale punt. Hierdie vorm van beoordeling, gekombineer met 'n werklike belangstelling in die projek, het geleid tot entoesiastiese en konstruktiewe insette aan die kant van die studente. Altesaam 166 vraeboë was geskik vir ontleding. Die keuse van die respondentondernemings is op praktiese oorwegings gegronde: die gewilligheid om studente te ontvang; die totale bates moes minstens R500 000 beloop (vervangingswaarde) en die ondernemingsvorm moet 'n maatskappy of 'n beslote korporasie wees. Die opname is in 1992 gedoen.

Hierdie responsie vergelyk besonder gunstig met dié van 'n studie deur Boy (1979: 29-39) waar slegs 62 respondenten van die Johannesburgse Effektebeurs aan 'n vergelykbare empiriese studie deelgeneem het.

Die vraeboog bestaan uit drie afdelings. Die eerste afdeling is gerig op die verkryging van biografiese besonderhede (soos sake-ervaring, akademiese en professionele kwalifikasies) van die hoofgebruiker van finansiële verhoudingsgetalle met die doel om 'n biografiese profiel van die gebruikers saam te stel. Die tweede afdeling is direk op 41 verskillende finansiële verhoudingsgetalle gefokus, ingedeel volgens bepaalde kategorieë, met 'n moontlike responsiekontinuum gekoppel aan 'n Likert-vyfpuntskaal (gebruiksresponses van altyd = 100%; meestal = 75%; gewoonlik = 50%; somtyds = 25% en nooit = 0%). Benewens die verhoudingsgetalle self, is respondent ondervra ten opsigte van hul blootstelling aan die Du Pont-analise, die bepaling van vergelyknorme en die uitstaande voor- en nadele verbonde aan die toepassing van finansiële verhoudingsgetalle. Die derde afdeling van die vraeboog het inligting van die respondentondernemings aangevra (hoofaktiwiteite, grootte in terme van totale bates, verkoopsinkomste en totale aantal werknemers). Hierdie inligting maak kruistabulasies en die toetsing van die hipoteses moontlik.

Die vernaamste voordeel van die *modus operandi* soos beskryf, benewens die eenvoud, is dat dit direk op die gebruik van finansiële verhoudingsgetalle georiënteer is en derhalwe maklik verstaanbaar is. Moontlike kritiek mag wees dat die respondent met die vraeboog kan saamstem en sodoeende gebruiksfrekwensies van finansiële verhoudingsgetalle aandui wat van die werklikheid verwijder is.

Die BMDP (BMDP Statistical Software, 1990) statistiese pakket is gebruik om die volgende ontledings te doen: frekwensies, persentasies, gemiddelde waardes, standaardafwykings, meervoudige analise van variansie en faktoranalyse.

### Omvang van die responsie

Afhoewel 166 vraeboë geskik was vir ontleding, het die respondenten weens verskeie redes nie op al die vragen gereageer nie. Hierdie nie-responsies is nie direk in die tabelle aangegetoon nie.

Die verdeling van die respondenten volgens die Standaard Nywerheidsklassifikasie verskyn in Tabel 1. Dit is opmerklik dat 63.1% (N=103) van die respondenten in die vervaardigingssektor is, gevvolg deur die tersiêre sektor (groot- en kleinhandel bedryfstakke).

Die gemiddelde batewaarde (vervangingswaarde) van die respondentondernemings is R84.65 miljoen (mediaan = R20 miljoen, modus = R10 miljoen); die verkoopsinkomste beloop gemiddeld R168.34 miljoen (mediaan en modus = R45 miljoen). Die aantal werknemers van die respondenten varieer tussen 1 en 24 000, met 1 163 werknemers as 'n gemiddelde waarde.

**Tabel 1 Verdeling van respondenten volgens die Standaard Nywerheidsklassifikasie**

Bedryfstak	Aantal	%
<b>Landbou, Bosbou en Visserye</b>	11	6.7
<b>Mynwese en Steengroewe</b>	1	0.6
<b>Vervaardiging</b>		
Voedsel, drank en tabak	12	7.3
Tekstiele en klerasie	8	4.9
Leerprodukte en skoiesel	2	1.2
Hout en houtprodukte, insluitende meubels	1	0.6
Papier en papierprodukte, insluitende verpakking	6	3.7
Drukwerk en uitgewerke	5	3.1
Chemikalië, petroleum, steenkool, rubber en plastiekprodukte	22	13.5
Nie-metaal mineraal produkte, insluitende pottebakkersware, porselein en erdewerk	5	3.1
Basiese yster en staalnywerhede	2	1.2
Vervaardigde metaalprodukte, masjinerie en toerusting	8	4.9
Elektriese masjinerie en toestelle	3	1.8
Motorvoertuie, onderdele en toebehore	12	7.4
Ander vervaardiging	17	10.4
<b>Sub-totaal: vervaardiging</b>	(103)	(63.1)
<b>Konstruksie</b>	5	3.1
<b>Groot- en kleinhandel, voedsel en huisvesting</b>		
Groothandel en verwante aktiwiteite	5	3.1
Kleinhandel, uitgesonderd motor en hersteldienste	8	4.9
Motorhandel en werkinkwells	4	2.5
Gespesialiseerde hersteldienste	4	2.5
Voedsel en huisvesting	12	7.4
<b>Sub-totaal: groot- en kleinhandel, voedsel en huisvesting</b>	(33)	(20.4)
<b>Vervoer, opbergung en kommunikasie</b>	2	1.2
<b>Finansiering, versekering, eiendomontwikkeling en sakedienste</b>	8	4.9
<b>Totaal</b>	163	100.0

### **Biografiese inligting van die respondent**

Die titels van die respondent is in Tabel 2 gelys. Volgens Tabel 2 is dit duidelik dat slegs senior personeel die vraeboog voltooi het met die mees algemene titels dié van finansiële rekenmeester, finansiële bestuurder, bestuurder: finansiële beplanning en analise; en finansiële direkteur/besturende direkteur. Die gemiddele sake-ervaring van die respondentie beloop bykans 17 jaar (mediaan = 15 jaar; modus 20 jaar).

**Tabel 2 Titels van die respondent**

Titel	Aantal	%
Finansiële rekenmeester	40	24.4
Finansiële bestuurder, Bestuurder: finansiële beplanning en analise	43	26.2
Finansiële Direkteur/Besturende direkteur	39	23.8
Algemene/Administratiewe Bestuurder	13	7.9
Diverse	29	17.7
<b>Totaal</b>	<b>164</b>	<b>100.0</b>

**Tabel 3 Akademiese en/of professionele kwalifikasies**

Kwalifikasie	Aantal	%
Geoktrooieerde rekenmeester G.R. (SA) (Slegs)	14	9.3
B.Com, G.R. (SA)	15	10.0
Slegs B.Com.	52	34.7
B.Com. Hons	14	9.3
Ander Baccalaureus grade	2	1.3
Magistergraad	3	2.0
Diverse diplomas	42	28.0
Slegs matriek	8	5.4
<b>Totaal</b>	<b>150</b>	<b>100.0</b>

Dit is insiggewend om op die akademiese en professionele kwalifikasies van die respondentie te let (Tabel 3). Bykans twee-derdes van die respondentie ( $N=100$ ) is gegradeer en die oorgrote meerheid beskik oor 'n B.Com.-graad of aanverwante kwalifikasie. Sestien respondentie wou nie hul kwalifikasie bekend maak nie.

### **Resultate**

Altesaam 41 finansiële verhoudingsgetalle, gegroepeer volgens ses kategorieë (rentabiliteit, inkomstemarges, omloopsnelhede of aktiwiteitsverhoudings, likiditeit, solvabilitet en kontantvloeistaat) is aan die respondentie vir oorweging voorgelê. Volgens 'n Likert-vyfpuntskaal moes hulle aandui of 'n besondere verhoudingsgetal altyd (100%), meestal (75%), gewoonlik (50%), somtyds (25%) of nooit (0%) gebruik word.

Hierdie ses kategorieë verhoudingsgetalle, asook hul samestellende komponente en die berekeningswyse, verskyn in Bylaag A (41 verhoudingsgetalle in totaal).

Die volgende werkswyse is tydens die ontleding van die

data gevolg. Eerstens is opsommende statistieke (soos die gemiddelde en standaardafwyking) bereken. Met behulp van hierdie maatstawwe is die rangordes vasgestel. Deur die gebruik van beskrywende statistiek is die data geïnspekteer alvorens tot die toetsing van die formele navorsingshipoteses, met behulp van meer gesofistikeerde statistiese tegnieke, oorgegaan is.

In 'n poging om bepaalde verwantskappe te ontleed (soos byvoorbeeld die moontlike invloed van die grootte van ondernemings by die gebruik van bepaalde kategorieë verhoudingsgetalle), is 'n meervoudige analyse van variansie gedoen. Vir die doel van die meervoudige analyse van variansie is die 41 verhoudingsgetalle in ses kategorieë ingedeel. Die indeling in kategorieë is gedoen aan die hand van die teorie (Lambrechts, 1990: 99–104).

Ten einde die teoretiese indeling van die kategorieë aan die hand van die respondentie se antwoorde te toets, asook met die oog op toekomstige navorsing, is 'n faktoranalyse uitgevoer. Die groepering van ses faktore ingevolge die faktoranalyse is nie vir die doel van die meervoudige analyse van variansie gebruik nie, aangesien die doel van die faktoranalyse slegs op 'n voorlopige analyse gerig is met die oog op 'n opvolgstudie.

### **Algehele rangorde**

Vir alle respondentie, sonder inagneming van die moontlike effek van hoofaktiwiteit en grootte, is 'n algehele rangorde van die finansiële verhoudingsgetalle volgens die gemiddelde en standaardafwyking bereken. Hierdie inligting verskyn in Tabel 4A. Insiggewend is dié verhoudingsgetalle wat 'n gebruiksinseintesiteit van gemiddeld meer as 80% vertoon: ondernemingsinkomstemarge (85.9%), bruto inkomstemarge (84.5%) en debiteure invorderingstermyn (81.9%).

Nieteenstaande die status van ondernemingsrentabiliteit (ruim) as 'n primêre doelwit van die onderneming, verskyn hierdie verhouding in die agtste plek (71.5%) en verder in respektiewelike volgordes 15 en 16, die eng berekening van ondernemingsrentabiliteit (45.7%) en die rentabiliteit van die eie kapitaal (42.3%). Die kontantvloeい-omset-verhouding (rangorde 19) is die eerste verhouding uit die kontantvloeistaat in die algehele rangorde.

Die rangorde van Tabel 4A verskil nie aansienlik van die rangorde van Boy (1979: 37) nie. In die studie van Boy is 22 verhoudingsgetalle volgens die persepsies van die bestuur in orde van belangrikheid geplaas. Slegs 50 genoteerde maatskappye het op daardie besondere deel van Boy (1979: 35–36) se studie gereageer. Ooreenstemmende verhoudingsgetalle van hierdie studie en in die van Boy (onder die eerste tien) sluit in die bruto inkomstemarge, die debiteure invorderingstermyn, die vlopende verhouding, die netto inkomstemarge, die ondernemingsrentabiliteit (ruim) en die omloopsnelheid van voorrade.

Kruistabulasies is gedoen met die gesamentlike respondentie van die primêre en sekondêre sektore as onafhanklike veranderlikes (Tabel 4B) en die tersiêre sektor as onafhanklike veranderlike (Tabel 4C). Van belang is kolomme 6 en 7 van albei tabelle wat die rangordeverskille aandui.

Volgens Tabel 4B (kolom 6) blyk dit dat die rangorde van die genoemde respondentie vir die eerste 16 verhoudingsgetalle nie van die algehele rangorde (Tabel 4A) verskil nie. Rangorde 17 van Tabel 4B (vreemde kapitaalverhouding) verskyn een plek laer in Tabel 4A (kyk na kolom 6). Die vertolking is soortgelyk aan kolom 7 van Tabelle 4B en 4C.

#### Rangorde per kategorie verhoudingsgetalle

Soos reeds aangedui is die 41 verhoudingsgetalle (kyk ook na Bylaag A) in ses kategorieë verdeel — 'n kategorisering met onderverdelings soos dit algemeen in die finansiële literatuur (Lambrechts, 1990: 99–104) voorgestel word.

Volgens Tabel 4D blyk dit dat inkomstemarges as 'n kategorie gemiddeld die hoogste gebruiksorde vertoe (68.9%), gevolg deur likiditeitsverhoudinge (63.8%), onloopsnelhede (55.2%), rentabiliteitsberekeninge (41.5% solvabiliteitsberekeninge (26.8%) en verhoudinge uit die kontantvloeistaat (20.8%).

#### Meervoudige analise van variansie

Dit is moontlik om deur middel van 'n meervoudige analis van variansie die verwantskappe tussen verskeie onafhanklike en afhanklike veranderlikes te ontleed. In hierdie studi is die onafhanklike veranderlikes die aard van die hoo

**Tabel 4A Algehele rangorde van finansiële verhoudingsgetalle (N=163)**

Rang-order	Verhoudingsgetal	Gemiddelde	Standaard-afwyking	Koeffisiënt van variasie
1	Ondernehmensinkomstemarge	85.89	29.53	0.34
2	Bruto inkomstemarge	84.53	31.21	0.37
3	Debiteure invorderingstermyn	81.88	33.41	0.41
4	Bedryfsmarge	77.19	37.03	0.48
5	Vlottende verhouding	74.84	36.07	0.48
6	Netto inkomstemarge	72.77	39.77	0.55
7	Debiteure omloopsnelheid	71.88	40.22	0.56
8	Ondernehmensrentabiliteit (ruim)	71.45	38.09	0.53
9	Dae se verkope in voorraad	71.32	40.08	0.56
10	Voorraadomloopsnelheid	69.22	41.33	0.60
11	Vuurproefverhouding	63.85	41.64	0.65
12	Omloopsnelheid van totale bates	62.89	42.12	0.67
13	Betalingstermyn van handelskrediteure	58.65	41.72	0.71
14	Omloopsnelheid van vlottende bates	48.72	40.74	0.84
15	Ondernehmensrentabiliteit (eng)	45.73	44.45	0.97
16	Rentabiliteit van eie kapitaal	42.26	43.26	1.02
17	Omloopsnelheid van vaste bates	41.23	39.45	0.96
18	Vreemde kapitaalverhouding	39.08	40.84	1.04
19	Kontantvloei-omset-verhouding	36.69	41.14	1.12
20	Finansiële hefboomfaktor	36.53	42.70	1.17
21	Rentedekkingverhoudingsgetal	35.67	40.45	1.13
22	Rentabiliteit van vreemde kapitaal	34.78	38.69	1.11
23	Solvabiliteitsverhouding	34.19	39.27	1.15
24	Kontantverhouding	30.00	38.48	1.28
25	Rentabiliteit van beherende kapitaal	29.84	42.08	1.41
26	Omloopsnelheid van kontant	29.62	39.61	1.34
27	Rentabiliteit van beleggings	27.35	38.04	1.39
28	Korttermyn vreemde kapitaal: eie kapitaal	25.00	34.66	1.39
29	Verdienste en dividend per aandeel	23.87	39.20	1.64
30	Korttermyn vreemde kapitaal: totale vreemde kapitaal	23.85	35.86	1.50
31	Langtermyn vreemde kapitaal: totale vreemde kapitaal	23.21	35.48	1.53
32	Netto vlottende bate tot kontant uit ondernemingsaktiwiteite	22.88	34.29	1.50
33	Vlottende bate-omsetverandering	22.40	34.44	1.54
34	Gewone dividenddekking	20.83	37.33	1.79
35	Kontantvloei vir finansieringskoste	20.75	35.79	1.72
36	Kontantinvesteringsverhouding	18.91	34.04	1.80
37	Vaste verpligtingedekking	13.87	27.94	2.01
38	Eksploitasiekoeffisiënt	12.67	29.09	2.30
39	Dividende uit kontantvloei	11.51	28.47	2.47
40	Kontant vir kapitaalflossing	10.86	26.63	2.45
41	Voorkeurdividenddekking	8.82	25.40	2.88

Tabel 4B Rangorde van respondentie vanuit die primêre en sekondêre sektore (N=120)

(1) Rang- orde	(2) Verhoudingsgetal	(3) Gemiddelde	(4) Standaard- afwyking	(5) Koeffisiënt van variasie	(6) Rangorde verskil met algeheel	(7) Rangorde verskil met tersiêre sektor
					(Tabel 4A)	(Tabel 4C)
1	Ondernemingsinkomstmarginé	87.19	28.72	0.33	0	0
2	Bruto inkomstmarginé	85.99	29.91	0.35	0	0
3	Debiteure invorderingsmarginé	82.69	33.87	0.41	0	0
4	Bedryfsmarginé	81.30	34.48	0.42	0	6
5	Vlottende verhouding	77.14	35.59	0.46	0	1
6	Netto inkomstmarginé	74.12	38.20	0.52	0	-1
7	Debiteure omloopsnelheid	72.63	40.24	0.55	0	2
8	Ondernemingsrentabiliteit (ruim)	72.46	37.47	0.52	0	0
9	Dae se verkope in voorraad	71.64	40.25	0.56	0	-2
10	Voorraadomloopsnelheid	68.32	41.88	0.61	0	-6
11	Vuurproefverhouding	65.13	41.89	0.64	0	1
12	Omloopsnelheid van totale bates	63.25	42.87	0.68	0	-1
13	Betalingsterminé van handelskrediteure	58.97	41.71	0.71	0	0
14	Omloopsnelheid van vlottende bates	48.26	40.79	0.85	0	2
15	Ondernemingsrentabiliteit (eng)	44.18	43.78	0.99	0	0
16	Rentabiliteit van eie kapitaal	42.76	43.33	1.01	0	2
17	Vreemde kapitaalverhouding	40.09	41.82	1.04	1	2
18	Vaste bates omloopsnelheid	38.38	38.96	1.02	-1	-4
19	Rentabiliteit van vreemde kapitaal	37.50	38.82	1.04	3	7
20	Rentedekkingsverhoudingsgetal	36.18	40.34	1.11	1	1
21	Finansiële hefboomfaktor	36.16	43.35	1.20	-1	-1
22	Solvabiliteitsverhouding	34.13	39.09	1.15	1	2
23	Kontantvloei-omset-verhouding	34.07	40.24	1.18	-4	-6
24	Rentabiliteit van beherende kapitaal	31.14	43.05	1.38	1	5
25	Omloopsnelheid van kontant	28.76	38.85	1.35	1	-2
26	Kontantverhouding	28.35	37.74	1.33	-2	-4
27	Rentabiliteit van beleggings	27.32	39.20	1.44	0	1
28	Korttermyn vreemde kapitaal: eie kapitaal	26.09	36.03	1.38	0	5
29	Korttermyn vreemde kapitaal: totale vreemde kapitaal	24.55	36.46	1.49	1	5
30	Gewone dividenddekking	23.06	39.58	1.72	4	8
31	Opbrengsverhoudings (VPA en DPA)	23.03	39.23	1.70	-2	0
32	Langtermyn vreemde kapitaal: totale vreemde kapitaal	21.68	34.32	1.58	-1	-7
33	Netto vlottende bate tot kontant uit ondernemingsaktiwiteite	21.65	32.79	1.51	-1	-1
34	Vlottende bate-omsetverandering	20.80	31.50	1.51	-1	-7
35	Kontantvloei vir finansiëringeskoste	20.31	35.60	1.75	0	1
36	Kontant-investeringsverhouding	16.89	30.74	1.82	0	1
37	Dividende uit kontantvloei	11.16	27.84	2.49	2	3
38	Vaste verpligtingedekking	10.18	22.82	2.24	-1	-8
39	Kontant vir kapitaalflossing	10.05	24.99	2.49	1	2
40	Eksplorasiekoeffisiënt	9.40	24.25	2.58	-2	-5
41	Voorkeurdividenddekking	7.14	23.11	3.24	0	-2

aktiwiteite van die respondentie (vervaardiging en dienslewering) en grootte (beoordeel volgens batewaardes, verkoopsinkomste en aantal werknemers). Die afhanglike veranderlikes is in die reeds genoemde ses kategorieë verhoudingsgetalle saamgevat.

By die meervoudige analise van variansie word die ver-

wantskappe tussen die onafhanglike (gesamentlik) en afhanglike veranderlikes met behulp van F-toetse ondersoek. Die p-waardes wat verkry is, word by die hipotesetoetsing gebruik: indien  $p < 0.05$ , dan bestaan daar statisties beduidende verwantskappe tussen die veranderlikes.

Die berekende p-waardes verskyn in Tabel 5, bereken vir

**Tabel 4C Rangorde van respondentie vanuit die tersiäre sektor (N=43)**

(1) Rang- orde	(2) Verhoudingsgetal	(3) Gemiddelde	(4) Standaard- afwyking	(5) Koëffisiënt van variasie	(6) Rangorde verskil met algeheel	(7) Rangorde verskil met primêre en sekondêre sektore
					(Tabel 4A)	(Tabel 4B)
1	Ondernemingsinkomstemarge	83.54	29.90	0.36	0	0
2	Bruto inkomstemarge	82.14	32.80	0.40	0	0
3	Debiteure invorderingstermyn	78.66	32.86	0.42	0	0
4	Voorraadomloopsnelheid	70.24	40.66	0.58	6	6
5	Netto inkomstemarge	70.12	43.38	0.62	1	1
6	Vlottende verhouding	69.51	36.02	0.52	-1	-1
7	Dae se verkope in voorraad	69.05	40.50	0.59	2	2
8	Ondernemingsrentabiliteit (ruim)	68.90	39.44	0.57	0	0
9	Debiteure omloopsnelheid	68.45	40.97	0.60	-2	-2
10	Bedryfsmarge	66.03	41.15	0.62	-6	-6
11	Omloopsnelheid van totale bates	63.42	39.96	0.63	1	1
12	Vuurproefverhouding	60.98	41.85	0.69	-1	-1
13	Betalingstermyn van handelskrediteure	55.63	42.17	0.76	0	0
14	Omloopsnelheid van vaste bates	51.32	40.25	0.78	3	4
15	Ondernemingsrentabiliteit (eng)	50.00	46.34	0.93	0	0
16	Omloopsnelheid van vlottende bates	48.75	40.81	0.84	-2	-2
17	Kontantvloeい-omset-verhouding	44.87	43.75	0.97	2	6
18	Rentabiliteit van eie kapitaal	37.82	42.49	1.12	-2	-2
19	Vreemde kapitaalverhouding	36.88	39.22	1.06	-1	-2
20	Finansiële hefboomfaktor	36.88	40.82	1.11	0	1
21	Rentedekkingsverhoudingsgetal	35.98	41.48	1.15	0	-1
22	Kontantverhouding	35.37	41.07	1.16	2	4
23	Omloopsnelheid van kontant	33.33	42.29	1.27	3	2
24	Solvabiliteitsverhouding	32.90	39.89	1.21	-1	-2
25	Langtermyn VK: Totale VK	28.85	39.13	1.36	6	7
26	Rentabiliteit van vreemde kapitaal	28.75	38.21	1.33	-4	-7
27	Vlottende bate-omsetverandering	28.21	42.22	1.50	6	7
28	Rentabiliteit van beleggings	27.56	35.72	1.30	-1	-1
29	Rentabiliteit van beherende kapitaal	27.56	40.06	1.45	-4	-5
30	Vaste verpligte dekking	25.00	37.55	1.50	7	8
31	Opbrengsverhoudings (VPA en DPA)	25.00	38.47	1.54	-2	0
32	Netto vlottende bate tot kontant uit onder- nemingsaktiviteite	23.72	37.15	1.57	0	1
33	Korttermyn VK: Eie kapitaal	23.08	31.09	1.35	-5	-5
34	Korttermyn VK: Totale VK	23.08	35.07	1.52	-4	-5
35	Eksplotasiekoeffisiënt	22.97	39.26	1.71	3	5
36	Kontantvloeい vir finansieringskoste	22.44	37.52	1.67	-1	-1
37	Kontant-investeringsverhouding	20.51	38.85	1.89	-1	-1
38	Gewone dividenddekking	15.13	29.94	1.98	-4	-8
